BRENTHURST
THE HOME OF WEALTH





# INTERNASIONALE MARKTE
## - DALINGS OP MEESTE INTERNASIONALE BEURSE



### ► VERSKEIE MARKTE SWAKKER

Internasionale markte het die jaar op 'n laagtepunt afgesluit aangesien vrese van swakker ekonomiese groei beleggers senuweeagtig gemaak het. Die Amerikaanse President Donald Trump het sake vererger ná die Amerikaanse regering tot stilstand gedwing is omdat geen ooreenkoms bereik kon word oor sy planne vir die bou van 'n muur op die grens met Mexiko nie. Het het ook tweets uitgestuur wat daarop dui dat hy daaraan dink om met die onafhanklikheid van die Amerikaanse reserwebank in te meng.

Die bekendste aandeelbeurse het groot verliese aangeteken met die S&P 500 9% laer – die grootste daling in die VSA sedert 1931 en hierdie beurs se eerste negatiewe jaar sedert 2008. In Europa was die DAX 6.2% laer en die Switserse SMI 6.7% laer. In Japan was dalings nog erger en die Nikkei 225 se syfer was -10.45%. Vir die volle jaar staan aandeelbeurse op 'n teleurstellende -8.2% vir die MSCI Wêreldindeks (in dollar). Ontluikende markte het 'n onstuimige jaar op -14.5% (in dollar) afgesluit.

### ► AMERIKAANSE RENTEKOERSE STYG

Die Amerikaanse Federale Reserweraad (Fed) het soos verwag rentekoerse in Desember met 0.25% verhoog en die voorsitter Jerome Powell het nie vrese besweer nie met 'n verklaring dat nog verhogings op pad is. Verskeie tweets deur Donald Trump het beweer dat die Fed se besluite die mark negatief beïnvloed.

### ► BREXIT KOMMER DUUR VOORT

In die VK oorheers die Brexit kwessie steeds die nuus waar die Eerste Minister Theresa May 'n stemming in die parlement rakende die Brexit ooreenkoms wat sy met Europese leiers ooreengekom het, moes kanselleer. Sy het nie die steun gekry wat nodig was om die ooreenkoms goed te keur nie. 'n Paar dae later het May 'n poging om haar as leier uit te stem oorleef maar byna 40% van haar eie party het teen haar gestem.

Markte het kort ná Kersfees effens opgeflikker en die S&P het in die laaste handelsdae van die jaar beter gevaar, maar ondanks daardie lopie was Desember steeds die swakste maand vir die S&P 500 sedert 2009 en die ergste vir die MSCI Wêreldindeks sedert Mei 2012.

.

## SLIM WENK

**DIE EINDE VAN DIE BELASTINGJAAR IS OP DIE HORISON.**

Daar is nog genoeg tyd om slim te wees met belastingsake. Dink aan bykomende bydraes tot 'n uittree-annuïteit of kyk ook na bydraes tot belastingvrye spaarrekenings. Gesels met 'n adviseur vir die beste opsies

**GESELS MET JOU ADVISEUR VIR MEER.**

# PLAASLIKE MARKTE
## - ONDANKS WISSELVALLIGE DESEMBER EINDIG JSE HOËR

### ►JSE SLUIT OP POSITIEWE NOOT

Dit was 'n stormagtige maand vir verskeie internasionale markte, die JSE ingesluit. Ondanks verskeie stygings en dalings het 'n stewiger goudprys goudaandele gesteun en daardie stygings, asook goeie vertonings van ander groot aandele, het verseker dat die FTSE JSE Indeks van Alle Aandele maand op maand 4.1% hoër as in November gesluit het. Vir die jaar lyk sake nie goed nie en volgens 'n berig in Business Day het die JSE (soos baie internasionale markte) in 2018 gesukkel en vir die jaar is die plaaslike mark 11% laer as verlede jaar; die swakste vertoning in 'n dekade.

Die positiewe einde vir Desember was grootliks te danke aan hoër aandeelpryse vir Anglo American (+16.3% maand op maand), BHP Group (+15.2% maand op maand), Richemont (+5.1% maand op maand) en Naspers (+4.7% maand op maand). Die hulpbronne sektor het weereens goed gevaar en die Resi het die maand 12.6% hoër gesluit. Die Indi-25 het 2.6% hoër gesluit en die Fini-15 1.1% hoër teenoor November.
AngloGold Ashanti (+30.6% maand op maand) was die beste vertoner in Desember, gesteun deur 'n hoër goudprys en mediaberigte dat die maatskappy dit oorweeg om op die aandelebeurse van Londen of Toronto te noteer. Gold Fields was in die tweede plek met 'n styging van 22.2% vir die maand, gevolg deur die enigste kleinhandel aandeel onder die 20 beste vertoners vir die maand – Lewis Groep – wat die maand 21.1% hoër afgesluit het.

Die aandele wat die swakste gevaar het is in verskillende sektore maar die meeste dalings was in die eiendomsektor, wat vir die grootste deel van die jaar onder druk was. Voedsel en konstruksiemaatskappye het ook nie waffers gevaar nie. Tongaat Hulett wat met 18.4% teenoor November gedaal het was die swakste vertoner, gevolg deur die konstruksiegroep Raubex (-17.9%) en RCL Foods in die derde plek met 'n daling van 17.4% vir die maand.

### ► SA EKONOMIE NIE MEER IN RESESSIE

Syfers wat in Desember bekend gemaak is toon dat die ekonomie in die derde kwartaal met 2.2% gegroei het en gevolglik nie meer in resessie is nie. Die syfer was hoër as die verwagte 1.6% groeikoers. Vervaardiging het veral goed gevorder – ná hierdie sektor in die tweede kwartaal met 0.3% gekrimp het, het vervaardiging in die derde kwartaal met 7.5% gegroei. Verbruikersprysinflasie het in November op 5.2% jaar op jaar gestaan teenoor die 5.1% van Oktober.

### ► HANDELSOORSKOT IN NOVEMBER

SA het in November 'n handelsoorskot van R3.94 miljard aangeteken, aldus syfers wat deur Sars bekend gemaak is. Die syfers toon dat vir die elf maande tot die einde van November daar 'n handelstekort van R4.16 miljard aangeteken is, baie swakker as die oorskot van R62.3 miljard wat vir die ooreenstemmende tydperk in 2017 aangeteken is. Uitvoer vir die jaar tot datum het met 6.1% gestyg terwyl invoer in dieselfde tydperk met 13% toegeneem het.

### ► STEWIGE STYGING VIR UITGEVOERDE VOERTUIE

Naamsa se jongste syfers toon dat verkope van nuwe voertuie aan die plaaslike mark 2018 swak afgesluit het. Die 39 984 eenhede wat in Desember 2018 verkoop is was 767 of 1.9% minder as die 40 751 wat in Desember 2017 verkoop is. Verkope van passasiersvoertuie en ligte handelsvoertuie was onderskeidelik 0.2% en 7% laer as in Desember verlede jaar. Uitvoerverkope van voertuie het besonder goed gevaar en met 'n indrukwekkende 56.3% gestyg teenoor die ooreenstemmende tydperk die vorige jaar – 31 437 eenhede teenoor 20 107 in Desember 2017.

*Bronne:*
*Anchor Capital / Wheels24 / Business Day*


| | |
|---|---|
| MAURITIUS | +230 584 35215 |
| JOHANNESBURG | +27 (0) 11 799 8100 |
| SANDTON | +27 (0) 10 035 1391 |
| PRETORIA | +27 (0) 12 347 8240 |
| NEWLANDS | +27 (0) 21 418 1236 |
| BELLVILLE | +27 (0) 21 914 9646 |
| STELLENBOSCH | +27 (0) 21 882 8706 |




BRENTHURST WEALTH MANAGEMENT IS AANGEWYS AS DIE TOP BOETIEK WELVAART BESTUURDER IN SA BY DIE 2017 INTELLIDEX WELVAART BESTUURDER EN PRIVAAT BANKE TOEKENNINGS.